

ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYIE

Afrikaanse Diens: 9:00 en 18:00
Engelse Diens: 11:00
Sothodiens: 12:30



KOLLEKTES

Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

DIENSBEURTE: Ouderlinge: Leon Lourens

Alethea : Hein Venter

Diaken: Werner Pretorius

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

KLEINGROEPKOMMISSIE: Albie Venter albieventer@absamail.co.za 083 631 6638

KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za

EREDIENSTE OP INTERNET: <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname)

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: **kerkdienstgemist** se web-blad het nou 'n Toepassing (App) vir Slimfone. U kan nou inluister sonder 'n rekenaar - sommer met u slimfoon of tablet

FACEBOOK: Gereformeerde Kerk Centurion (gaan 'like' ons)

RATELGROEP: Vir pa-ma-en-baba: Besoek gerus die 'Ratelgroep' op facebook

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Kontak Marlou 0824124313/fillistyn2@gmail.com of Esmé 0833816428/esmel.prins@gmail.com vir navrae

KATKISASIE: Vandag: Les 21: Ps 42:1

Volgende week: Les 22: Ps 42:1

KLEUTERKATKISASIE (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas (kamer 4).

Kerk se bankbesonderhede: Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Bank: ABSA Lyttelton Rek no: 600 340 409	Inbetalings vir die Diakonie: Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion Bank: ABSA Lyttelton Rek no: 600 280 589	Inbetalings vir die Susters: Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters Bank: ABSA Lyttelton Rek no: 600 340 417
---	--	--

KONTAKBESONDERHEDE

Kantoorure: **Ma-Do 08:00 - 13:00**

Telefoon: 012 664 2614

Faks: 012 664 0004

Basdenlaan 226

Lyttelton

0140

Epos: Kerkkantoor—gercent@lantic.net

Ds Maarten van Helden: 012 664 1384/ 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 012 347 0494/ 084 263 2055

Lidmate se kontakbesonderhede: Skakel die kerkkantoor of stuur asb 'n e-pos indien u kontakbesonderhede verander: gereformeerdekerkcenturion@gmail.com

KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 42 Nr 32 3 September 2017

Liturgiese Riglyne SONDAGOGGEND 9:00



Om die goeie te kan geniet is 'n gawe van God.

Skriflesing: 1 Tim 6:3-21;
Spr 30:7-9; Pred 3:11-13

Teksvers: 1 Tim 6:6-10;
17-19; Spr 30:7-9; Pred 3:13

Sing:

Ps 111-2:1-4

Lied 525:1,3

Ps 119-1:7

Sb 16-1:1,2,3

Ps 34-1:1,4

Lied 464:1,2

Sb 13-2

Orrelis: Corlea vd Walt

Projektor: Jaco Wattel

Klank: Hein Kaiser

Prediker: Ds Gerrit Kruger

“Maar jy moet die Here jou God nie vergeet nie, want dit is Hy wat jou die krag gee om die rykdom te verwerf. So hou Hy die verbond in stand wat Hy met 'n eed aan jou voorvaders beloof het. So is dit nou nog.” Deut 8:18

Ons standaard van lewe vandag, sou sekerlik as skatryk beskou gewees het in Timoteus se lewe.

Dit is moontlik om:

- in hierdie lewe ryk te wees en in die hiernamaals arm,
- in hierdie lewe arm te wees en in die hiernamaals ryk,
- in hierdie lewe ryk te wees en in die hiernamaals ryk,
- in hierdie lewe arm te wees sowel as in die lewe hierna arm te wees.

Ons gaan na vier sake kyk:

- Wees nederig met wat jy van God ontvang het.
- Vertrou op God en nie op rykdom nie.
- Geniet wat God aan jou gegee het.
- Gebruik wat jy ontvang het tot voordeel van jou medemens.

SONDAG AAN D 18:00 RUILDIENS

Wat beteken dit om 'n dissipel van Jesus te wees?

Skriflesing: Luk 14:25-35
(1953-vertaling)

Teksvers: Luk 14:26,27

Sing:

Ps 47:1,4

Sb 3-5:3,5,6,7

Sb 10-2

Ps 40:3,4

Sb 13-3

Orrelis: Corlea vd Walt

Projektor: Magriet Erasmus

Klank: Thinus Smuts

Prediker: Ds Heinrich Zwemstra
GK Annlín

1. Dissipelskap is nie opsioneel nie. Wanneer Jesus oor dissipelskap praat, draai Hy om en praat met die groot menigte. Dit beteken dat nie net sekere gelowiges nie, maar dat elke gelowige oral en altyd 'n dissipel van Jesus moet wees.

2. Dissipelskap verander jou agenda. Jesus moet die voorkeur in ons lewe kry. Gelowiges leef nie vir hulle eie agenda nie, maar vir God se agenda.

3. Dissipelskap is 'n verbintenis. Elke gelowige moet weet dat dit opofferings vra om Jesus te volg. Dissipelskap vra dat gelowiges die somme maak om Hom te volg, en die verbintenis maak om dit te doen.

4. Dissipelskap maak 'n verskil in die wêreld. Om 'n verskil te maak in die wêreld moet gelowiges nie soos sout wees wat gemeng is met onsuiverhede nie. Ons moet nie gemeng wees met ons eie idees of 'n wêreldse agenda nie.

Ons gee om vir Mekaar

"U is ons vader, Here ..." Jes 64:8

- Marie Kruger sterk tuis aan (A14—823037052).
- Sumei van Antwerpen sterk tuis aan (A8—662 2519).



Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra en ons vertrou dat hulle gesondheid vinnig sal verbeter

Hospitaalbesoek

Lidmate word versoek om asb u ouderling, ds, of die kantoor in kennis te stel wanneer u opgeneem gaan word in die hospitaal. Die hospitaallyste dui nie meer die kerkverband of gemeente aan nie. Ons weet dus nie of u in die hospitaal is, as u ons nie laat weet nie.

Meelewing

Geluk aan Maurice en Michelle le Roux met die doop van Lerize vanoggend.

Beroepe ontvang

Ds JJ de Bruyn (Johannes) van Harrismith na George.

Senior Aksie

Die Seniors vergader
Maandag 4 September 2017
om 10:00 in die kerksaal

Ons het 'n baie spesiale gas, naamlik **Trevor Nasser**, baie bekende klasieke-kitaarspeler.

Alle ander belangstellendes word uitgenooi om die oggend saam met ons, die musiek en dan die saam kuier met verversings daarna, te kom geniet.
Albie Venter

Bydrae-koeverte

Plaas asb u bydrae-koeverte in die kollektesakkies.

ALMANAK 2017

Daar is nog 'n paar Almanak (boek) by die kerkkantoor beskikbaar **@ R50,00**
Die boek bevat 'n jaar se geestelike dagstukkies deur Geref. Leraars

Alethea Ministry 11:00 (Worship Service and Sunday School)

Like us on facebook: <https://www.facebook.com/aletheaministry/>

Scripture: Malachi 1

Rev Paul vd Berg

All who believe in Jesus Christ will glorify God's Name

The Lord is not depending on people to glorify Him. He do not need us. We need Him. Therefore the Name of the Lord shall be great throughout the wide world. The course of thought in Malachi 1:11 is this: God does not need the worship of the Jews and their impious priests; he needs not their maimed sacrifices; his majesty shall be recognized throughout the wide world by all who believe in Jesus Christ. Pure worship shall be offered to the Lord from every nation under heaven.

500 jaar van
Kerkhervorming
en die vrug daarvan.

So 29 Okt @ 15:30 en 18:30 - Universiteitsoord
Feesdiens van die drie Afrikaanse kerke | Massakoer: Renette Bouwer
Orrellis: Pieter van den Berg | Simfonie-orkes: Braam van Tonder

Beperkte sitplekke @R30pp
Bespreek by reformasie500sa@gmail.com

Die Kerkraad het goedgekeur dat GK Centurion nie 'n aanddiens het op 29 Okt 2017 maar wel die bg geleentheid gaan bywoon as deel van die Hervormingsnaweek. Om seker te maak dat mense wat van vêr af kom en mense wat vooraf bespreek 'n sitplek in die kerkgebou kry, is besluit om by elke diens 'n blok van 1200 kaartjies vooraf beskikbaar te stel @ R30 per kaartjie. **U kan u name by die kerkkantoor opgee tesame met R30pp om u plek te verseker.** Lidmate wat die feesdiens wil bywoon sonder bespreking betaal nie R30,00.

Gemeentekamp 2017

22 – 25 September

Vandag is die laaste dag vir besprekings! Nog net 3 x 2-bed eenhede beskikbaar en kampeerplak. Kom bespreek by die tafel in die tuin.

Diakonie verskaf Saterdag en Sondag se middag-en aandetes.

Wat bring jy saam:

1. Bring en braai Vrydagaand (Diakonie verskaf net vuur)
 2. Elkeen sorg vir sy eie ontbyt vir 3 oggende
 3. Koeldrank en peuselhappies vir die hele naweek
 4. Eetgerei, kampstoel, Bybel, flits
- Alle uitstaande kampgeld moet betaal wees teen 8 September.

Navrae: Erna Olivier 082 3322 118 /
ernao@solidariteit.co.za

Bring en braai 3 September 2017

Alle kleingroeplede

Die doel van die braai is:

- Om geleentheid te gee dat Ettienne Vercuiel met ons kan gesels oor sy werk.
- Ons saam kan gesels oor Sending/evangelisasie projekte.
- Gesellig saam kuier.

- Om mekaar beter te leer ken.

Die reëlings vir die braai is

- Elkeen bring eie eetgerei, eet- en drinkgoed.
- Elkeen bring eie stoele.
- Ons sal vure 11:00 aansteek sodat teen 12:00 gebraai kan word.
- Tussen 11:00 en 12:00 praat Ettienne met ons.
Kom wees deel van hierdie koinonia-dag.

Alle Kleingroeplede

Eddie Niezen en Anèl vd Walt, het namens die Evangelisasiekommissie, ons as kleingroepkommissie ingelig oor moontlike projekte wat ons as 'n kleingroep, of groepe saam kan aanpak.

Volgens die Evangelisasiekommissie se brosjure, wat by die deure beskikbaar is, is daar die volgende moontlikhede:

- Ondersteun een van die evangeliste moreel en/of finansiëel.
- Ondersteun die opleidings sentra finansiëel deur fondse in sentrale rekening in te betaal.
- Raak direk betrokke by die projek "neem 'n student aan" by Mukhanyo en aanvaar volle of gedeeltelike finansiële verantwoordelikheid vir sy studies .

Die gedagte is nie dat die fondse uit lede se sak alleen kom nie, maar dat projekte vir fondsinsameling aangepak kan word.

Baie belangrik: let asb daarop dat ons gesamentlike bring en braai, wat vir 17 September 2017 op die kerkkalender is, nou **vervroeg word na die 3de September**.

Die rede hiervoor is dat Ettienne Vercueil DV die gemeente tydens die oggenddiens gaan inlig oor sy werk as sendeling/evangelis. Die kleingroepkommissie het hom ook genooi om saam met ons te braai waartydens meer informele gesprekke met hom gevoer kan word.

Reëlings oor die braai sal later volg.

Dit belooft om 'n wonderlike geestelike verryking te wees. Moet asb nie die geleentheid mis loop nie.

Sien julle daar

Bybel in Afrikaans

Ons het 27 Augustus 2017 die 84ste bestaansjaar van die volledige Bybel in Afrikaans herdenk.

Die eerste volledige Afrikaanse Bybel is op Sondag 27 Augustus 1933 landswyd feestelik in gebruik geneem. Die sentrale Bybelfees het in die Marksaal in Bloemfontein plaasgevind en is bygewoon deur die vertalers en meer as 5 000 mense. Dr JD Kestell, die Voorsitter van die vertalingskomitee, het die diens gelei en ds PS van Heerden, die Moderator van die Vrystaatse Sinode van die Ned Geref Kerk, het die feesrede gelewer. In Pretoria is die fees op Kerkplein gehou, waar genl JBM Hertzog 'n Bybel namens die regering in ontvangs geneem het.

Die Bybelgenootskap is tans besig met die vertaling van 'n bykomende Afrikaanse Bybel, naamlik, Die Bybel: 'n Direkte Vertaling (BDV) wat DV in 2020 die lig sal sien. Bid asb saam met ons vir die projek!



Buitelandse Sendeling Terugvoer

Ettienne Vercueil

Hy het sedert begin van die jaar baie gereis om Kairos-jeugkursus aan te bied in die volgende lande:

Rusland:

- In die stad Samara waar 'n span van Belarus by hulle aangesluit het. 'It was amazing to see their passion for mobilizing young people into active involvement in the World Cristian movement.'
- Baikal-meer area - saam met die span van Belarus. Hulle beplan 'n uitreik na Mongolië
- In die stad Kalmykia – saam met die 'Gateway to Kalmykia (GTK) outreach team' van SA het hulle saamgewerk om die Kairos kursus aan te bied.

Mongolië: Bied Kairos aan en mentor spanleiers

Filippyne: Hulle neem deel aan die Strategiese beplanningssessie vir mobilisering van netwerke.

VSA: 3 weke in Anderson Indiana, om studente van New Life School of Ministry op te lei.

Ettienne is op besoek in SA en sal weer 4 September die land verlaat. Ons wens hom die Here se seën toe op hul werk.

Raak gerus op die volgende maniere betrokke by Ettienne:

- Doen voorbedding vir Ettienne (persoonlik & die werk waarby hy betrokke is).
- Ondersteun Ettienne deur met hom kontak te maak dmv e-pos of WA.
- Ondersteuning finansiëel (Bankbesonderhede: S.W. Vercueil; ABSA, Spaarrekening; Rekno: 9176558148, Takno: 336345)

Kontak inligting: Ettienne Vercueil: E-pos: ettie.v@gmail.com

Cell: +27 72 651 2659 (RSA)

Skype: [ettie.v](https://www.skype.com/user/ettie.v)

Covenant College: Zambië

- Studente getalle het goed toegeneem die afgelope semester; daar is tans 21 Teologie studente
- Die Onderwyser opleiding en Kinderbediening groei mooi en word verder in Zambië uitgebrei.
- Die bestuur en personeel werk hard om die College se plaas sodat inkomste daaruit genereer kan word. Die elektriese motor van hulle Sonneblomolie-pers werk egter tans nie meer nie. Die oliepers is baie belangrik vir Covenant College, omdat opbrengste uit die verkope van die sonneblomolie gebruik word om lopende uitgawes van die kollege te help betaal. Kostas om die elektriese motor te vervang beloop R12,700.
- Donasie gevra: **As enige iemand bereid is om 'n bydrae te lewer vir die aankoop van 'n nuwe motor, kan julle die bydrae in die kerk se rekening inbetaal met verwysing Covenant College.** Vir verdere navrae kontak Attie van der Walt op 082 493 5328.

Centurion Florist skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee. (012 663 5955) centurionflorist@discovery.mail.co.za. Susters kan hul bydraes vir die doel voor in die Susterskas by die hoofingang plaas.

Dringend op soek na vaste betrekking - gekwalifiseerde elektriese sedert 1985 en sedert 1996 in die boubedryf. Ondervinding in elektriese-, hout-, loodgieter-, verf-, bou-, teel werk, ens. Rassie 082 895 0967

Hoop & Help Life Coaching en Pastorale Berading, gratis, Maandagoggende by die Kerkgebou. Skakel Esther du Plessis by 0718682257 vir 'n afspraak. Depressie, Trauma, Verhoudings, Besighede, Studente en Leerlinge almal welkom.

Professionele Tikwerk, transkripsies, verhoore, regsdokumente ens. Tillie 082753 0525.

Kombuise- en Gasinstallasies- Ons is gekwalifiseerde binnehuis ontwerpers sowel as gesertifiseerde LP GAS installeerders; ons spesialiseer in die ontwerp, vervaardiging en installering van nuwe kombuise sowel as restourasie d.m.v. verf tegnieke. Werner vd Walt 0823086238; werner@bwinteriors.co.za of Meryke Deetlefs 084 444 5443; meryke@mery-d.co.za

Leerling rekenmeester gesoek. Centurion Vereistes: Matriek, rekeningkundige agtergrond, eie vervoer, analities, tweetalig, rekenaarvaardig. Meestal cloud-gebaseerde werk sluit in: Rekeningkundige rekords opdateer, belastingopgawes, SARS afsprake, payroll. Stuur asb. CV na info@arlis.co.za

SHIMAN wateroplosbare kunsmis in 1kg emmertjies beskikbaar @ R100 Susan du Plessis Monumentsig No 12 - 072 124 1076

Tuinwoonstel te huur, Eldoraigne. Geskik vir enkel persoon, W&L ingesluit, R4000. Skakel PW 082 899 0342.

Benodig Internskap, vir Meganiese Ingenieurswese. S4 voltooi by TUT en moet nou P1 en P2 voltooi. Moet vaardighede aanleer in Milling, Turning, Drilling en Sweis. Kontak Jurgens Swanepoel 076 279 4076 of jurgens.swanepoel@gmail.com

UIT DIEP VAN DONKER NAGTE

Wanneer: 25, 26, 27, 28 Oktober 2017

Waar: Gereformeerde Kerk Centurion

Tyd: 19:00 vir 19:30 – 22:00

KAARTJIES NOU BESKIKBAAR!

Kaartjieverkope:

<https://tickets.tixsa.co.za/event/udvdn>

Kerkkantoor: Sondae direk na oggenddiens en Woensdae vanaf 10:00 tot 11:00

Volledige instruksies vir kaartjie-aankope op die internet is voor in die kerk by die hoofingang beskikbaar

**Navrae Tjaart vd Walt
082 824 2933**

Lentekoorfees

17 September 2017
@ 14h30

Gereformeerde Kerk, Basdenlaan

**Sing Fonix
4Forty choir
Vutilari Cantores**

Centurion Cantus en meer
R 50pp
Navrae Lorraine Duvenage
082 877 3880



VERJAARSDAE

"God is vir ons..." Rom 8:31
BELYDENDE LIDMATE

03-Sep	Susan	Jordaan	A14	654 7952
	Henry	Lambden	A10	082 720 5496
04-Sep	Paul	Grobler	C07	663-4594
	Hannes	Holtzhausen	C05	083 412 8969
05-Sep	Rassie	Erasmus	B19	072 590 9188
	Rosanne	Groenewald	A03	082 819 5947
	Dalene	Maritz	C01	664 6441
	Lizel	Smith	B10	082 856 3704
06-Sep	Basil	Appleby	A09	654 1833
	Erich	Coetzee	C07	072 621 8637
07-Sep	Chris	Briel	B07	644 1546
	Bets	Froneman	E01	654 6582
	Buks	Kotze	C03	664 2945
	Erika	vd Wateren	C07	663 7638
08-Sep	Elmè	Verquiel	E01	653 0525
	Wilmarie	Rheeders	B06	082 256 6028
09-Sep	IG	Vijoen	A08	081 743 7101
	Isie	Breytenbach	A03	084 582 0994
	Frik	vd Walt	B07	071 309 9004
	Nan	Viljoen	A03	082 780 9735



DOOPLIDMATE

03-Sep	Luane	Speelman	E01	071 825 7414
	Mikko	van der Walt	C15	084 904 5502
	Troy	van Staden	A15	654 1851
04-Sep	Lisa	van Biljon	A11	072 995 4488
05-Sep	William	Gourley	A15	654 6582
06-Sep	Francois	Jacobs	B14	083 356 7597
07-Sep	Miguel	Coelho	A12	071 642 7391
09-Sep	Erasmus	Bezuidenhout	B03	083 633 8861
	Kate	Daniels	E01	071 135 2420

TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

3 September

B06 Liesje Kuperus
A15 Amanda Brink
C13 Elsa du Toit
C14 Annemarie van Wyk

10 September

C1 Susan du Plessis
Sustersbestuur



Droëvrugte

Heerlike vars nuwe voorraad...
By die kombuis se agterluik

DISSIPELSKAP AKSIE

Die dissipelskap aksiegroep benodig dringende die volgende klere:

Mans (90% van haweloses)

- Langbroeke van 28 tot 48 grote
- Hemde (klein tot XL)
- Kouse
- Skoene 7 tot 11

Dames rokke/klere, alle grotes.

Die dissipelskap aksiegroep is besig met bediening (LBM) Lyttelton Bridge Ministry gerig op die hawelose mense. Die mense wat onder bome en brûe slaap.

Daar is so 20 mense op die oomblik wat nood het. Maak julle harte oop vir die mense, kom deel met ons dit is wonderlik om vir die Here te werk.

Kontak persone Ernest Bornman 082 063 2564 en Solly Muhlarhi 079 356 9591